christia visser edwin van der walt nicola hanekom louw venter
leandie du randt viljé maritz elana afrika-bredenkamp
HOLLYWOOD in my huis
Waar is jou hart rêrig?
2014 SILWERSKERMFEES WENNER BESTAANDEFILMS BESTE FILM KENNER KEUSE
2014 SILWERSKERMFEES WENNER BESTAANDEFILMS GEHOOR-GUNSTELING AKTRISE
2014 SILWERSKERMFEES WENNER BESTAANDEFILMS BESTE FILM GEHOOR KEUSE
STAGE 5 FILMS EN RED LETTER DAY PICTURES IN SAMEWERKING MET KYKNET SILVERLINE 360 EN ADVANTAGE ENTERTAINMENT BIED AAN "HOLLYWOOD IN MY HUIS"
MET CHRISTIA VISSER EDWIN VAN DER WALT NICOLA HANEKOM LOUW VENTER EN VILJE MARITZ LEANDIE DU RANDT ELANA AFRIKA-BREDENKAMP
BEN LUDIK NICKY DE BEER ROSHNI HAROLDSON ZENN VAN ZYL MICHELLE RANDALL JULITA DE WET CORNE VAN ROOYEN
JAN DU PLESSIS KAREN MEIRING JESSE VAN DER MERWE SAREL VAN NIEKERK CORNE VAN ROOYEN CORNE VAN ROOYEN RENE VAN ROOYEN
DYLAN VOOGT SASKIA SCHIEL VLOKKIE GORDON
RED LETTER DAY
/himhfilm hollywoodinmyhuis.co.za @himhfilm

HOLLYWOOD IN MY HUIS

PRODUKSIENOTAS

Stage 5 Films en Red Letter Day Pictures

bied met die samewerking van

Advantage Entertainment

en

kykNET

HOLLYWOOD IN MY HUIS

aan

Regie deur
CORNE VAN ROOYEN

Geskryf deur
CORNE VAN ROOYEN

Vervaardig deur
DYLAN VOOGT
SASKIA SCHIEL

Uitvoerende vervaardigers
VLOKKIE GORDON
JAN DU PLESSIS
KAREN MEIRING

Medeskrywer & medevervaardiger
RENE VAN ROOYEN

Die storie

Hollywood in my Huis is 'n romantiese komedie oor volwassewording, wat hom teen die agtergrond van 'n matriekafskeid in 2004 in Suid-Afrika afspeel.

Die storie fokus op 'n gewone tienermeisie – Jana van Tonder – wat in 'n arm spoorwegbuurt saam met haar disfunksionele ouers woon. Toe sy egter op televisie sien hoe Charlize Theron haar ikoniese Oscar-beeldjie wen, inspireer dit Jana om haar matrieksafskeid wat voor die deur lê in haar eie Hollywood-rooitapyt oomblik te omskep.

Ondertussen verbreek Brandon, die skool se tenniskampioen, sy verhouding met Angelique, die skool se gewildste meisie. Jana is in die geheim op Brandon verlief, maar net toe sy genoeg moed bymekaar skraap om vir Brandon na die matriekafskeid te vra, verklaar haar beste vriend en buurseun, Frikkie, sy ware liefde aan haar.

Die matriekafskeid vind oor net meer as 'n maand plaas en met die leiding van haar ouers en Suzy, haar towertante (fairy godmother), kom Jana voor die moeilike keuse te staan om tussen haar beste vriend en haar droomou te moet kies.

***Hollywood in my Huis* – agter die skerms**

Dit het die skrywer en regisseur, Corne van Rooyen, nege jaar geneem om sy AFDA-kortfilm, *Hollywood in my Huis*, in 'n vollengte rolprent te omskep. Hy het homself soggens op pad na die stel van die prent kort-kort geknyp om seker te maak dat sy groot droom uiteindelik waar geword het.

Van Rooyen se kinderdae in Silverton, Pretoria, was die inspirasie vir sy rolprent oor 'n jong tienermeisie wat groot drome droom en wat tot besef moet kom dat sy dapper genoeg moet wees om haarself te wees. Corne werk verskeie aspekte van sy persoonlike lewe in *Hollywood in my Huis* in. "Ek lyk dalk nie baie na Jana nie, maar hierdie storie is eintlik 'n baie persoonlike storie," het hy laggend opgemerk.

Die kort storie, *Lenie*, wat die kabaretkunstenaar Nathaniel geskryf het, het Corne diep geraak en besiel om sy eie verhaal te skryf. *Lenie* handel oor 'n brandarm ma wat haar eie trourok met beetsap kleur sodat haar dogter dit na haar matriekafskeid kan dra. By die afskeid begin die kleur egter loop. "Soos in my rolprente wys dit hoeveel ouers bereid is om vir hulle kinders te doen, maar daar is altyd iets wat afgee."

Jana (Christia Visser), haar ouers (Nicola Hanekom en Louw Venter) en haar beste vriend, Frikkie (Edwin van der Walt) woon almal aan die verkeerde kant van die spoorlyn. Jana se pa is werkloos en haar ma het haar eie skoonheidsalon wat sy uit 'n karavaan in die voortuin bedryf. Die volwassenes se drome is reeds aan skerwe, maar Jana se drome styg ver bo haar beskeie omstandighede uit.

Hollywood in my Huis gaan oor twee wêrelde – die mense aan die verkeerde kant van die spoorlyn en hulle ryk teenpole – maar dit gaan ook oor die fantasiewêreld waarin Jana leef. Hoewel *Hollywood in my Huis* 'n lighartige en prettige gesinrolprent is, het die uitdaging van die storie daarin gelê om 'n balans tussen die ligter en donkerder elemente te handhaaf.

Jana, wat 'n regte muurblommetjie is, droom oor haar matriekafskeid. Sy glo dat as sy vir Brandon (Viljé Maritz), die skool se tenniskampioen, aan haar sy het, alle oë op haar en haar rok wat deur Charlize geïnspireer is, sal wees. Haar grootste teenstand kom egter van die skool se gewildste meisie, Angelique, wat deur Leandie du Randt, vertolk word.

Die draaiboek is 'n hele paar keer herskryf en aangepas. Van Rooyen beskryf sy kortfilm as 'n onskuldiger storie en sê dat hy die huidige vollengte weergawe van sy storie op 'n meer volwasse manier benader het. "Ek het altyd geweet dat my eerste rolprent 'n persoonlike verhaal sou wees. Ek put my inspirasie uit die liefde, my familie en om te dagdroom. Wie en wat 'n mens ook al word, dit bly jou familie wat jou voete vas op die aarde hou; by jou familie weet jy wie jy werklik is."

Nadat die vervaardigers Dylan Voogt en Saskia Schiel van Stage 5 Films hulle kragte met syne saamgesnoer het, het die rolprent vinnig momentum begin kry.

Van Rooyen het van die begin af geweet dat die storie se sukses in 'n groot mate bepaal sal word deur die regte akteurs vir die rolle te kry.

Christia Visser, wat Jana speel, was een van die eerste aktrises wat Van Rooyen by 'n oudisie gesien het. "Ek het geweet dat ek nie sommer 'n beter Jana sal kry nie. Christia werk vanuit haar onderbewuste; sy gee nie voor nie. Sy beskik oor 'n eerlikheid en varsheid."

Dit het hulle egter twee en 'n half jaar geneem om die onopvallende, pretensielose Frikkie op te spoor. Van Rooyen het oral na hom gesoek, by universiteite, skole, agentskappe en selfs op Facebook. En toe sien hy vir Edwin van der Walt in 'n kortfilm en nooi hom vir 'n oudisie. "Edwin hanteer toneelspel met soveel gemak."

Van Rooyen het ook groot lof vir die veteraanakteurs, Nicola Hanekom en Louw Venter. Hanekom vertolk die rol van Beatrice, Jana se ma, met 'n aangrypende broosheid, terwyl Venter haar pa Tos met groot teerheid vertolk. "Tos moet bly glo dat dinge vir hom en sy gesin sal verbeter," sê Van Rooyen, en voeg by dat Venter 'n magiese teenwoordigheid op die stel was.

Van Rooyen het as 'n kind graag na *Jip*, 'n televisieprogram vir die jeug, gekyk en gehoop dat hy eendag die geleentheid sal kry om saam met *Jip* se aanbieder, Elana Afrika-Bredenkamp, te werk. Elana speel Suzy, Jana se *fairy godmother*, wat die winkel besit waar Jana die materiaal vir haar Charlize Theron-geïnspireerde rok koop. "Toe Elana vir die eerste keer in Suzy se skoene geklim het, het die karakter vir die eerste keer vir my sin gemaak," het Van Rooyen opgemerk.

Die regisseur is steeds met ontsag vervul vir die feit dat die befaamde akteurs, Lida Botha en Marga van Rooy, ingestem het om in die rolprent te speel. "As tiener het ek gedink dat as ek Lida Botha eendag kan oorreed om in een van my films te speel, ek op die regte pad sal wees! Nou speel Lida sowel as Marga van Rooy in my rolprent."

Visser het genoem dat dit nogal 'n uitdaging was om weer 'n skoolkind te word. "Om weer 'n skooluniform te dra en na daardie tyd van jou lewe en na die dinge van daardie tydperk terug te keer, was 'n groot uitdaging. Maar dit het my baie gehelp om lewe in my karakter te blaas."

Van der Walt beskryf die ervaring om teenoor Lida Botha te speel as die hoogtepunt van sy rolprentloopbaan tot dusver. "Sy het hierdie ongelooflike teenwoordigheid; en ek het deurentyd by haar geleer."

Die rolprent is hoofsaaklik in Vasco en by die Brackenfell Hoërskool geskiet. Sekere tonele is egter by Fisantekraal, Observatory en in die Kaapstad-omgewing verfilm.

Die karakters & rolverdeling

Hoofrol: Jana

Jana van Tonder, 'n regte muurblommetjie, se lewe strek nie veel verder as 'n deurmekaar huishouding in 'n arm woonbuurt nie. Toe Charlize Theron tydens 2004 se Academy Awards haar Oscar-beeldjie wen, inspireer dit Jana om haar hoërskoolmatriekafskeid in 'n Hollywood-glansgeleentheid te omskep. Jana wat graag 'n mode-ontwerper wil word, het slegs 30 dae om haar droomrok te maak en om die perfekte metgesel te kry om haar 'droom-van-'n-rooi-tapyt' waar te maak.

Christia Visser

Christia is 'n vurige en passievolle kunstenaar wat in Kaapstad gebore is en in die klein dorpie, Swellendam, grootgeword het. As 'n veelsydige aktrise is dit haar passie om mense te vermaak, hetsy deur toneel te speel, te dans, te sing of te skryf.

Haar opleiding as aktrise het by die Hoërskool Stellenbosch begin, waar sy tydens die Klein Libertas-teater se skolekompetisie as die beste aktrise benoem is vir haar uitbeelding van Annemie in *Poppespel*. Sy het ook die hoofrol in die musiekblyspel, *Moulin Rouge,* vertolk, wat by Artscape en die Spier-wynlandgoed opgevoer is.

Christia het haar studie by die ACT-dramaskool in Kaapstad voltooi en vir drie jaar opleiding in klassieke sang by Koba Wicomb ontvang. Sy het as agtjarige begin dans en is bedrewe in verskeie dansstyle soos moderne dans, hip-hop en Latynse dans.

Christia het sedertdien in talle teaterproduksies gespeel, soos Shakespeare se Cardenio by die Maynardville-teater, asook in Nicola Hanekom se Land van Skedels, wat vier Fiesta-toekennings in 2014 gewen het.

Christia het ook die rol van Lena Aucamp Junior in Leon van Nierop se befaamde Ballade vir 'n Enkeling vertolk, wat in 2015 uitgereik gaan word.

In 2014 het die eer haar ook te beurt geval om by die Silwerskermfilmfees as die Gehoor se Keuse vir Beste Aktrise te wen vir haar vertolking van Jana in Hollywood in my Huis.

Hoofrol: Frikkie

Frikkie is 'n rebel wat graag op sy stokou motorfiets rondry. Hy is ook 'n ou siel wat aan die verkeerde kant van die spoorweg woon en sy geestesiekte ouma oppas. Hy is heimlik op Jana, sy beste vriendin, verlief. Hy sukkel om sy ware gevoelens vir haar te wys en hoewel hy dink dat die matriekafskeid 'n sinnelose tradisie is, is hy bereid om sy trots in sy sak te steek as hy op die manier Jana se hart kan verower.

Edwin van der Walt

Edwin van der Walt is 'n energieke, gefokusde en ambisieuse ambisieuse akteur wat onlangs sy BA-graad in drama aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het. Hy het 'n besondere positiewe ingesteldheid en hope lewenslus.

Voordat hy in *Hollywood in my Huis,* gespeel het, was 2013 die hoogtepunt van sy loopbaan: hy het in twee dramaproduksies gespeel wat deur die bekroonde Marthinus Basson geregisseer is; hy het die uitdagende hoofrol in *Bos* vertolk; en by die Aardklop-fees 'n hele paar karakters in die hoogs aangeskrewe *macbeth.slapeloos* teenoor die room van die Suid-Afrikaanse akteurskorps vertolk – mense soos Dawid Minnaar, Anna-Mart van der Merwe, Jana Cilliers, Antoinette Kellerman en Stian Bam. Edwin was ook onlangs in *Braai* in die hoofrol te siene, wat by die KKNK-fees opgevoer is en waarvoor hy vir 'n Kanna-toekenning vir die beste opkomende akteur benoem is. Dan het hy ook die hoofrol in die AFDA-kortfilm, 'n *Stukkie Winter,* gehad en was hy ook te sien in Francois Louw se musiekvideo, *Here We Stay*. Hy was al in 'n hele paar van Louw se musiekvideo's en speel ook die ghitaar.

Hy het reeds vir homself begin naam maak en nie net in die teaterwêreld nie, maar ook as 'n hoofrolspeler in rolprente soos Hollywood in my Huis, waarvoor hy as Beste Akteur by die 2014-Silwerskermfees genomineer is.

Die rol wat hy tans in Ballade vir 'n Enkeling speel, gaan hom beslis geliefd en bemind maak by Suid-Afrikaanse rolprentgehore.

Edwin is 'n kranige rugbyspeler wat twee jaar lank vir Paarl Boys High se eerste span uitgedraf het. Die Sharks-Akademie in Durban het hom na skool genader om by hulle aan te sluit, maar hy het besluit om eerder 'n loopbaan as akteur te volg.

Karakter: Beatrice

Beatrice wat op haar dag 'n skoonheidskoningin was, bedryf haar eie skoonheidsalon uit 'n karavaan in hulle voortuin. Sy probeer om haar drome deur middel van haar dogter, Jana, uit te leef.

Beatrice haat haar man, Tos, beskou hom as 'n oorlas en blameer hom dat sy na hulle matriekafskeid swanger geraak het. Sy het egter haar kop opgelig, haar verlede en haar familie aanvaar en 'n hernude waardering vir haar familie ontdek.

Nicola Hanekom

Nicola Hanekom is 'n bekende aktrise, dramaturg en regisseur. Sy het drama aan die Universiteit van Kaapstad studeer en is vir die afgelope 18 jaar reeds 'n vryskutaktrise, -regisseur en -skrywer.

Hoogtepunte in haar loopbaan sluit haar bekroonde uitbeelding van die digter, Ingrid Jonker in die drama *Altyd Jonker* in*,* asook haar vertolking van die hoofrol in die rolprentweergawe van *Faan se Trein.* Toekennings vir haar toneelspel sluit 'n Standard Bank Golden Ovation en 'n Fleur-toekenning vir haar eenvroudrama *Hol/Running on Empty* in.

As 'n skrywer en regisseur was sy onder andere betrokke by *Betésda*, *Lot*, *Babbel* en *Trippie,* en meer onlangs by *Land van Skedels.* In die proses het sy elf Kanna-toekennings, agt Fiësta-toekennings, twee ATKV-skrywerstoekennings en een Aartvark-toekenning ontvang. Haar televisiewerk sluit hoofrolle in gewilde reekse in soos *Boland Moorde*, *Vloeksteen* en *Erfsondes.* Haar onlangse werk vir die silwerdoek sluit onder meer *Husk*, waarvoor sy die Stone-toekenning gewen het, *Rain, Long Walk to Freedom* en die bekroonde rolprentweergawe van die toneelstuk*, Faan se Trein* in.

In 2012 is sy deur *Glamour*-tydskrif as een van die vroue van die jaar genomineer. Nicole is met medetoneelspeler en toneelafrigter, Grant Swanby, getroud en is een van die swaar gewigte van die plaaslike vermaaklikheidsbedryf.

Karakter: Tos

Tos gaan deur 'n middeljarekrisis nadat hy sy werk as treindrywer verloor het. Sy vrou sien hom as 'n oorlas en blameer hom nog steeds nadat sy na hulle matriekafskeid swanger geword het. Sy tienerdogter ignoreer hom. Tos se lewe is betekenisloos en sy enigste toevlug is sy tuin, waar hy 'n spesiale blom, die Stargazer, kweek en by die plaaslike blommeskou wil inskryf sodra dit blom.

Louw Venter

Louw Venter is 'n bekende en beminde akteur danksy die gewilde komediereeks *Corne and Twakkie's Most Amazing Show,* waarvan hy die medeskrywer was en waarin hy Corne gespeel het. Venter het die afgelope paar jaar meer op skryf- en rolprentwerk gefokus en het groot rolle gehad in *Semi-Soet*, *Die Laaste Tango* en *Jimmy in Pienk.* Hy was ook die medeskrywer en -skepper van die televisiereeks *Rugby Motors*. In 2014 skryf hy die draaiboek van die rolprent *Konfetti* en speel hy Lukas Basson in die prent. Hy is later vanjaar in *Kite*

teenoor Samuel L. Jackson te sien, speel in Jenna Bass se *Love the One you Love*, wat by DIFF bekend gestel word, asook in *Alles Wat Mal Is,* wat deur die Oscar-genomineerde regisseur, Darrell James Roodt, geregisseer is. Hy in 2013 vir 'n SAFTA-toekenning vir beste byspeler in *Semi-Soet* genomineer en in 2014 as beste akteur vir *Die Laaste Tango*.

Buiten dat hy as Akteur van die Jaar vir 2014 by die Huisgenoot-Tempo genomineer is, het hy die toekenning as Beste Akteur by die 2014-Silwerskermfilmfees vir sy werk in Konfetti gewen.

Karakter: Brandon

Brandon is die skool se hartebreker maar ook 'n tennisster wat droom om eendag op Wimbledon te speel. Hy is Jana se droomou, die man wat sy aan haar sy by die matriekafskeid wil hê en wat haar rok so reg uit Hollywood die beste sal komplementeer. Maar Brandon voel vere vir die komende matriekafskeid; hy bekommer hom net daaroor om sy handrughou te vervolmaak.

Vilje Maritz

Viljé Maritz se deurbraakrol was toe hy die tiener, Gys Elo in die gewilde M-Net-sepie, *Binneland,* gespeel het. Sy loopbaan het sedertdien van krag tot krag gegaan met rolle in onder meer die Anglo-Boere-oorlogdrama, *Verraaiers,* die jeugreeks *Liewe Kayla* op kykNET, *High Rollers* op SABC3, *Donkerland* op kykNET en meer onlangs in die televisiereeks *Swartwater* teenoor Louw Venter op SABC2. In 2014 het Viljé in die vollengterolprent Mooirivier, Die Gat in die Muur, asook die reeks, Bloedbroers, gespeel. En in 2015 gaan hy te siene wees in die Afrikaanse rolprent, 'n Man soos my Pa.

Karakter: Angelique

Angelique is die gewildste meisie in die skool en ook aan die stuur van die matriekafskeidkomitee. Sy kom uit een van die ryker families in die woonbuurt. Sy weet iets van alles af – ook hoe om die mense om haar om haar pinkie te draai. En as sy nie haar sin kry nie, kan sy baie slinks wees.

Leandie du Randt

Leandie du Randt is 'n energieke, passievolle en vurige aktrise wat ook al as 'n aanbieder, model, stemkunstenaar en seremoniemeester opgetree het. Dit maak haar baie gelukkig om mense te vermaak. Leandie het onlangs 'n boek wat op tienerdogters gerig is, *Comfortable in Your Own Body,* gepubliseer.

As aktrise het sy in vier seisoene van die bekende Afrikaanse reeks op kykNET, *Getroud Met Rugby*, gespeel maar was ook in die Afrikaanse televisiereeks, *Vlug na Egipte,* die sitkom *Moeggeploeg* en die sepies*, Isidingo* en Binnelanders. Haar rolprentwerk sluit *Egoli – The Movie, Susanna van Biljon, Semi-Soet, Flesh, Klein Karoo* en *Die Windpomp* in. In 2015 sal Leandie die hoofrolle in die rolprente, *Mooirivier* en *Strikdas,* vertolk. Sy het in 2014 ook aan die BBC se wêreldbekende werklikheidsprogram, Strictly Come Dancing op SABC3 deelgeneem en deurgedring tot die laaste ronde met haar dansmaat Brandon Eilers le Riché.

Leandie het in 2010 haar honneursgraad in bedryfsielkunde voltooi en daarna 'n graad in psigometrie by HPSA aan die Universiteit van Johannesburg verwerf.

Karakter: Suzy

Suzy is Jana se towertante (*fairy godmother*) en die trotse eienaar van 'n suksesvolle materiaalwinkel. Sy is 'n onafhanklike, misterieuse en aantreklike *femme fatale*. Sy is gek oor die mode en die nuutste tendense. Suzy dink mans word te hoog aangeslaan en glo nie dat 'n vrou 'n man aan haar sy moet hê om iets te bereik nie, hoewel sy 'n man sal moet verlei om swanger te kan raak. Haar raad aan Jana is om 'n man soos 'n handsak vir die matriekafskeid te gebruik – hy moet met ander woorde by haar skoene pas.

Elana Afrika-Bredenkamp

Elana Afrika-Bredenkamp is een van die bekendste mense in Suid-Afrika. Sy is veral bekend vir haar radioprogramme op 5fm, Jacaranda 94.2 en 94.5 KFM en as televisie-aanbieder op M-Net, kykNET en SuperSport. Sy het meer onlangs ook die *The Road to Miss SA 2014* aangebied. Elana het haar pas by die ontbytprogram, Expresso op SABC3, aangesluit. Haar rolprentrolle sluit *Footskating 101, Spaarwiel, Jimmy in Pienk* en *Stone Cold Jane Austen*, wat in 2015 vrygestel word in. Elana het ook as assistent-rolprentedosent saam met Leon van Nierop by die Tshwane Universiteit van Tegnologie gewerk.

Sy is so gewild in Suid-Afrika dat haar doen en late die meeste op Twitter gevolg word. Elana is ook 'n ambassadeur vir KANSA en verteenwoordig die welsynswerk wat die Kaapstadse Karnaval doen.

Sy is 'n slim sakevrou, 'n universiteitsgraduandi en het haar eie mediakonsultasiemaatskappy. Haar sakebelange sluit 'n boutiekwynetiket, 'n sosialemedia-agentskap en ander aanlynprojekte in.

Mode het nogal altyd Elana se belangstelling geprikkel en buiten dat sy 'n GQ Style Award-wenner was, het sy ook die bekende ShoesDay-konsep op radio begin en die veelbesproke #ShoesDay geskep waar sy haar eie skoene gratis aan haar aanhangers skenk.

Draaiboekskrywer en regisseur

Corne van Rooyen – Red Letter Day Pictures

Corne het meer as 60 ure se inhoud vir SABC, BBC, National Geographic, kykNET en M-Net geregisseer, asook die regie vir bekroonde kortfilms en advertensies gedoen. Hy het 'n BA Honneursgraad in regie en draaiboekskryf by AFDA behaal en gaan sy eerste vollengte rolprent, *Hollywood in my Huis, wat* deur Stage 5 Films, Advantage Entertainment en sy eie produksiemaatskappy, Red Letter Day Pictures, vervaardig is en waarvan hy die regie behartig het, in 2015 vrystel.

Hy is tans besig met die draaiboekontwikkeling van die rolprent, *Mantis Man, wat deur die* NFVF se SEDIBA-program van stapel gestuur word, en is ook besig met die verwerking van die bekende boek, Vaselientjie, vir die groot doek.

Sy filmografie sluit die regie en skryf van verskeie kortfilms in, soos *Hollywood in my Huis* (wenner by In die Bos, Right Eye Film Festival en ontvanger van 13 AFDA-toekennings), wat uitgesaai is deur M-Net en kykNET en *Stille Waters* (SABC2).

Hy was ook 'n regisseur van *Seasons at Terroir* vir BBC*; Exploring the Vine* vir M-Net, National Geographic en Discovery; *Kokkedoor* en *David's Family* vir kykNET; *The Ride of Sir Harry Smith*, *The Ride Mongol Derby* en *The Ride of the Peacemakers* vir SABC3*; Fresh Living TV* vir e,tv en *Voyage of Discovery*, 'n kortfilm vir die Los Angeles-lughawe.

Voordat hy hom egter in die televisie- en rolprentwêreld begewe het, was Corne hoof van die departement regie aan die AFDA-rolprentskool. Hy woon tans in Kaapstad en werk steeds as regisseur en draaiboekskrywer van rolprent- en televisieprojekte.

Medeskrywer & medevervaardiger

Rene van Rooyen – Red Letter Day Pictures

Rene van Rooyen is 'n regisseur, draaiboekskrywer en mede-eienaar van die rolprentmaatskappy, Red Letter Day Pictures. Sy het 'n BCom-graad in bemarkingsbestuur van die Universiteit van Stellenbosch en 'n BA Media in regie en draaiboekskryf van AFDA. Sy skryf al vir meer as sewe jaar inhoud en doen die regie vir verskeie drama-, lewenstyl- en dokumentêre reekse vir Mzansi, SABC, kykNET en M-Net. Sy het ook haar hand aan die regie van verskeie kortfilms gewaag, soos die Silwerskermfilmfees-wenner *Nantes,* en was die regisseur en draaiboekskrywer van *Mooirivier,* wat vroeg in 2015 vrygestel is.

Red Letter Day Pictures

Red Letter Day Pictures is in Kaapstad gebaseer en hierdie rolprentmaatskappy is deur die filmmakersegpaar, Corne en Rene van Rooyen gestig. Hulle spesialiseer in die ontwikkeling, skryf en regissering van oorspronklike inhoud – hoofsaaklik vir rolprent- en televisieprojekte. Hulle het reeds tien jaar se ervaring agter die blad, het 120 ure se inhoud vir kykNET, SABC, BBC, National Geographic en M-Net geregisseer, asook 'n paar bekroonde kortfilms,

insluitend die kykNET-Silwerskermfees-wenner, *Nantes*. Hulle beplan om gedurende 2015 twee vollengte rolprente vir die groot doek vry te stel: *Mooirivier* en *Hollywood in my Huis*.

Produksiemaatskappy

Stage 5 Films

Stage 5 Films is 'n kreatiewe, hardwerkende en toegewyde Kaapstadse rolprentproduksiemaatskappy met 'n span wat die passie en vaardighede het om die beste moontlike werk te lewer en boonop oor die towerkrag beskik om kunstige, blywende en winsgewende rolprente van gehalte te maak.

Stage 5 Films het in April 2012 tot stand gekom met Dylan Voogt aan die stuur.

Stage 5 Films se eerste vollengte dokumentêre projek, Unearthed, ondersoek die voor- en nadele van gasontginning (fracking) vanuit 'n globale perspektief, maar kyk ook na wat dit vir die Karoo-streek in Suid-Afrika sal inhou. Unearthed is in 2014 by die Sheffield Documentary Festival bekend gestel waar dit die Green-toekenning gewen het, asook die toekenning as die gehoor se keuse Encounters South African International Documentary Festival Tri Continental Film Festival.

Op 26 Junie 2015 gaan Stage 5 Films die Afrikaanse rolprent, Hollywood in my Huis vrystel, wat in 2014 by die Silwerskermfees 'n toekenning vir die Beste Rolprentgehoor en die Beste Rolprentresensentekeuse gewen het. Christia Visser is ook as die beste aktrise in 'n hoofrol aangewys.

Stage 5 Films skep en maak EPK's, musiekvideo's, stillewe-rolprente, kortfilms, vollengtedokkies, aanlyninhoud, advertensies en vollengtefilms, en verskaf ook produksiedienste aan internasionale produksies wat na Afrika reis.

Vervaardigers

Vervaardiger: Dylan Voogt – Stage 5 Films

Dylan Voogt is een van Suid-Afrika se mees gesogte en bekroonde vervaardigers wat multidissiplinêre, onafhanklike werk lewer. Na tien jaar by Moonlighting Films, Suid-Afrika se voorste produksiefasiliteringsmaatskappy, en na die sukses van Skoonheid, pas Dylan nou sy ervaring en kennis toe op 'n paar internasionale en plaaslike rolprentprojekte.

Dylan se jongste produksiekrediete sluit Retribution, Skoonheid, Unearthed, Hollywood in my Huis, Valma Veronica en Lazy Suzan in. Skoonheid wat deur Oliver Hermanus geregisseer is, het die vierde rolprent in die geskiedenis van Suid-Afrika geword om vir die gesaghebbende Un Certain Regard-kategorie by die Cannes-filmfees benoem te word. Die rolprent het ook die Queer Palm-toekenning gewen en talle ander internasionale eerbetone. En in 2012 was

Skoonheid Suid-Afrika se amptelike inskrywing by die Academy Awards as beste buitelandse rolprent.

Voordat hy Skoonheid aangepak het, was Dylan die vervaardiger van die Afrika-segment van Samsara, die opvolg tot Baraka, wat heelwat pryse losgeslaan het. Dylan was ook die lynvervaardiger van The Beautiful Game (Africa 10), 'n dokumentêre film oor die geskiedenis van Afrika-sokker voor die FIFA-wêreldbeker. Hierdie twee projekte het meegebring dat Dylan in elf Afrika-lande regoor die vasteland gewerk het.

Vervaardiger: Saskia Schiel – Stage 5 Films

Saskia wat 'n Mandela Rhodes Foundation-merietebeurs gehad het, het by AFDA gegradueer en die kortfilms wat sy gedurende haar studiejare vervaardig het, is ingesluit in feesprogramme regdeur die wêreld, soos die geanimeerde kortfilm *Mune,* wat by internasionale rolprentfeeste hoog aangeslaan is en in 2011 'n SAFTA vir die beste animasieprent gewen het.

Saskia het haar loopbaan as 'n intern begin, maar sy het vinnig opgang gemaak nadat sy heelwat ervaring opgedoen het met die maak van rolprente, dokumentêre prente, televisiereekse en advertensies, terwyl sy vir van die grootste produksiemaatskappye in Kaapstad gewerk het, en ook by van die grootste produksies wat in die land gemaak is, soos *Mad Max Fury Road,* betrokke was. Die hoogtepunt van haar loopbaan so ver was om deel van die produksiespan van *Skoonheid* te wees, wat die Queer Palm by Cannes gewen het.

Sy het sedertdien twee bekroonde rolprente gemaak: Unearthed, 'n lank verwagte dokumentêre prent oor fracking (gasontginning) en Hollywood in my Huis, 'n verhalende rolprent wat op 'n jong Suid-Afrikaanse gehoor gemik is.

Saskia, wat in Kaapstad woon, ontwikkel steeds haar eie rolprente en kreatiewe projekte.

Uitvoerende vervaardiger: Vlokkie Gordon – Advantage Entertainment

Vlokkie Gordon is 'n rolprentvervaardiger wat in Kaapstad, Suid-Afrika, woon.

Sy het in die vroeë tagtigerjare by die filmskool in Pretoria studeer en 'n spesiale internskap by die Independent Film Centre in Lone Hill gevolg waar sy as 'n assistentrolprent- en klankredigeerder gewerk het. Sy het later klankopnames begin doen en op verskeie plaaslike televisiedramas en vollengtefilms gewerk.

Nadat Kaapstad 'n belangrike plek vir die maak van rolprente in die land geword het, het Vlokkie en haar jong gesin na die Kaap verhuis en 'n agentskap vir filmspanne oopgemaak.

In 1995 het sy kragte saamgespan met David Wicht en Film Afrika en hulle het talle internasionale vollengteprente en advertensies gemaak. Sy het ook vir 'n tyd lank in die filmbedryf in Los Angeles gewerk en Amerika plat gereis.

Vlokkie vervaardig steeds internasionale rolprente onder die banier van Film Afrika en het 'n

belangrike rol by die bemarking van ons filmbedryf in Amerika en Europa gespeel asook 'n aktiewe rol gehad as hoof uitvoerende beampte en produksiehoof van die maatskappy.

Sy het in 2013 'n nuwe onderneming, Advantage Entertainment, gestig wat fokus op die vervaardiging en finansiering van plaaslike sowel as internasionale rolprente en televisiereekse.

Kreatiewe span

Regisseur van Fotografie: Zenn van Zyl

Zenn van Zyl het in 2009 'n honneursgraad by AFDA, Kaapstad, behaal met rolprentfotografie as hoofvak. Tydens sy finale jaar by AFDA het hy die bekroonde kortfilm, *Agter die Berge,* verfilm. Die rolprent het die daaropvolgende jaar nie net die SAFTA vir die beste kortfilm gewen nie, maar Van Zyl het 'n Spesiale Vermelding-SAFTA vir sy rolprentfotografie ontvang.

Sedertdien het hy verskeie bekroonde kortfilms geskiet, insluitend *Nantes,* wat by die eerste kykNET Silwerskermfees in 2012 as die beste kortfilm aangewys is en *The Briefcase,* wenner van die SHNIT 72 Hour Challenge 2013.

Van Zyl, wat een van die talentvolste jong regisseurs van fotografie in ons land is, het ook talle musiekvideo's, advertensies, televisiereekse en dokumentêre films geskiet en is ook betrokke by die rolprente, *Hollywood in my Huis, Uitvlucht* en *Noem my Skollie*, wat binnekort vrygestel word.

Produksie-ontwerp: Michelle Randall

Michelle Randall (née Venter) het in 2002 met onderskeiding by AFDA gegradueer en die AFDA-toekenning vir beste produksie-ontwerper vir haar werk op die kykNET-televisiereeks *letermago* gewen. Sy het reeds as 'n produksie-ontwerper, kunsregisseur, stelontwerper en rekwisietemeester op verskeie televisiereekse, rolprente, advertensies en musiekvideo's in die bedryf gewerk.

Waarvoor sy egter die bekendste is, is as hoof van die kunstedepartement van e.tv, waar sy vir die sepie *Scandal* verantwoordelik was. Sy het ook op *Bakgat!,* Suid-Afrika se eerste Afrikaanse tienerkomedie gewerk. Na 'n kort sabbatsjaar het Michelle na die filmbedryf teruggekeer en haar by die kreatiewe span van *Hollywood in my Huis* as produksie-ontwerper aangesluit.

Redigeerder: Roshni Haraldsen

Roshni werk reeds vir meer as tien jaar as 'n redigeerder, het meer as 150 ure van programmeringservaring oor verskillende genres (soos werklikheidstelevisie, wildlewe, avontuur, dokkies, kookprogramme, reisprogramme, advertensies, korporatiewe video's en kortfilms) heen agter die blad. Haar werk is reeds uitgesaai op bekende televisiestasies soos BBC International, Sky Network, National Geographic, Discovery, Food Network en Travel Channel, asook op die plaaslike Suid-Afrikaanse uitsaaiers M-Net, e.tv en SABC.

Roshni was ook die redigeerder (aanlyn en van lyn af) en post-vervaardiger van *Around Iceland on Inspiration,* die 2014-Safta-wenner as beste werklikheidstelevisiereeks. In 2014 het sy haar by die nuwe post-produksiefasiliteit End.Post aangesluit.